www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
International General Certificate of Secondary Education

| | |
|---|---|
| CANDIDATE NAME | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| CENTRE NUMBER | | CANDIDATE NUMBER | |

*5447273062*

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2013**

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.

No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.
DO **NOT** WRITE ON ANY BARCODES.

Answer **all** questions.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die werk wat jy inhandig.
Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.
**MOENIE** OP ENIGE STREPIESKODES SKRYF NIE.

Beantwoord **alle** vrae.

Maak aan die einde van die eksamen seker dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

| For Examiner's Use | |
|---|---|
| **Oef. 1** | |
| **Oef. 2** | |
| **Oef. 3** | |
| **Oef. 4** | |
| **Oef. 5** | |
| **Oef. 6** | |
| **Oef. 7** | |
| **Total** | |

This document consists of **15** printed pages and **1** blank page.

DC (AC) 70827/2
© UCLES 2013

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE
International Examinations

[Turn over

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 1**

Lees die teks. Beantwoord daarna die vrae op die volgende bladsy.

**Die wêreld se nuwe sewe natuurwonders**

Die **Amasone-reënwoud** word die aarde se longe genoem. Sowat 20 persent van die wêreld se suurstof kom hiervandaan. Die reënwoud het 'n enorme verskeidenheid plant- en diersoorte. Meer as 20 persent is al vernietig en teen die huidige tempo is daar oor 40 jaar dalk niks oor nie.

**Ha Long-baai** is 'n Viëtnamese natuurwonder wat uit 1 969 eilandjies bestaan. Baie van die eilande het fassinerende vorms en kry hul name daarvandaan. Die eilandjie Voi lyk byvoorbeeld soos 'n olifant en Ga Choi soos 'n vegtende haan.

**Jeju-eiland** is 'n vulkaniese eiland in Suid-Korea. Hallasan is die hoogste berg in Suid-Korea en 'n rustende vulkaan.

Die **Ondergrondse Rivier Puerto Princesa** in die Filippyne vloei vir meer as 8 km deur 'n enorme grot. Die rivier is bevaarbaar en mond in die Suid-Chinese see uit.

Die **Komodo Nasionale Park** strek oor drie van sowat 17 508 eilande waaruit Indonesië bestaan. Die gebied is in 1980 tot 'n reservaat verklaar om die inheemse Komodo-draak, die wêreld se grootste akkedis, te beskerm. Dié reuse-akkedisse word tot 3 m lank.

Die **Iguaçu-watervalle** is in die Iguaçu-river op die grens tussen Argentinië en Brasilië. Daar is tussen 150 en 300 watervalle, afhangende van hoe vol die rivier is.

**Tafelberg** is 'n prominente baken bo Kaapstad in Suid-Afrika. Die berg kry sy naam van sy besondere voorkoms. Dit is die enigste berg in die wêreld waarna 'n sterrebeeld vernoem is. Die naam van die sterrebeeld is Mensa, wat 'tafel' beteken. Tafelberg is die tuiste van 'n verskeidenheid plant- en dierspesies.

(Uit: *Huisgenoot*, 6 September 2012)

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



1 Waarom word die Amasone-reënwoud die aarde se longe genoem?

.................................................................................................................................... [1]

2 Watter twee natuurwonders is die tuiste van ’n verskeidenheid plante en diere?

.................................................................................................................................... [2]

3 Waar het baie van die eilande in Ha Long-baai hul name gekry?

.................................................................................................................................... [1]

4 Hoe verskil Puerto Princesa van die ses ander natuurwonders?

....................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [2]

5 Hoekom is die Komodo-gebied ’n reservaat?

.................................................................................................................................... [1]

6 Wat maak Tafelberg anders as alle ander berge?

....................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

[Totaal: 8]

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com

www.PapaCambridge.com



## Oefening 2

Lees die teks en voer die opdrag uit.

**’n Selfoonmaatskappy wil inligting insamel oor tieners se gebruik van selfone.**

Nicky Nolan is op 18 Julie 1997 gebore. Sy woon saam met haar pa in Rivierstraat 23, Houtbaai, 7800. Haar huistelefoonnommer is 021 791 5052 en haar selfoonnommer is 074 334 5212. Nicky se e-posadres is nicky.nolan@gmail.com. Elke tweede naweek gaan Nicky na haar ma in Wynberg. Haar ma se adres is Wolfstraat 17, Wynberg, 7800. Haar e-posadres is michelle.nolan@yahoo.com en haar telefoonnommer is 021 791 3381.

Nicky is in graad 11 aan die Hoërskool Wynberg. Haar skool se adres is Aliwalweg 10, Wynberg, 7800. Die skool se e-posadres is hswynberg@school.org.za en die telefoonnommer is 021 799 4476.

Nicky gebruik haar selfoon gereeld. Omdat sy nie by haar ma bly nie, gesels hulle elke dag oor die foon. As Nicky by die huis is, gebruik sy die landlyn, maar as sy by die skool is of uit is, gebruik sy haar selfoon. Sy en haar ma stuur voortdurend teksboodskappe, foto’s en video’s vir mekaar.

Nicky gebruik ook haar selfoon om kontak met haar maats te behou. Sy bel hulle selde, maar hulle stuur boodskappe vir mekaar en kommunikeer deur MXit.

Alhoewel Nicky ’n skootrekenaar het waarop sy e-pos stuur en ontvang, gebruik sy ook haar selfoon daarvoor – amper net soveel as haar skootrekenaar. As sy navorsing vir skoolprojekte moet doen, gebruik sy haar skootrekenaar liewer as haar selfoon.

Onlangs het Nicky se goeie vriendin Amanda vir haar gewys hoe om boeke op haar selfoon af te laai. Amanda hou daarvan om op hierdie manier te lees, maar Nicky verkies ’n boek in die hand. Sy het egter ’n goeie musiekversameling op haar selfoon.

Nicky se pa doen sy banksake op sy selfoon, maar Nicky sê sy gebruik liewer haar skootrekenaar hiervoor.

Volgens Nicky is haar selfoon haar belangrikste besitting, maar sy sal ook nie graag sonder haar skootrekenaar wil lewe nie.

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



Verbeel jou jy is Nicky en vul die vorm in.

## Opname: Tieners en selfone

*Vul asseblief die vorm in.*

**Naam:** Nicky Nolan

**Naam van skool:** Hoërskool Wynberg ........ Graad: ..........

**Persoonlike besonderhede:**

- **Geboortedatum:** 18 Julie 1997 ........ Ouderdom: 16
- **Adres:** ..........
- **Telefoonnommer:** ..........
- **Selfoonnommer:** 074 334 5212
- **E-posadres:** nickynolan@gmail.com

*Maak 'n regmerkie by die gepaste opsie(s):*

- Ek gebruik my selfoon die meeste om met:

  my gesin en familie ☐ te praat

  my vriende ☐ te praat

- Ek stuur en ontvang e-pos met:

  'n selfoon ☐ 'n persoonlike rekenaar ☐

  'n skootrekenaar ☐

- Ek gebruik my selfoon om:

  teksboodskappe te stuur ☐ multimediaboodskappe te stuur ☐

  speletjies te speel ☐ boeke te lees ☐

  skoolwerk te doen ☐ banksake te doen ☐

  navorsing te doen ☐ ander: ..........

Hoe belangrik is jou selfoon vir jou?

..........

[Totaal: 9]

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 3**

Lees die teks oor dierekommunikasie en voltooi dan die aantekeninge op die volgende bladsy.

## Die taal van diere

Glo dit, diere "praat" met mekaar. Menslike taal is meer abstrak en baie ingewikkelder as die manier waarop selfs "slim" diere soos sjimpansees kommunikeer. Hulle kommunikeer nie soos mense wat woorde gebruik om gedagtes en gevoelens oor te dra nie.

Maar diere ruil tog inligting onder mekaar uit, veral waar dit belangrik is vir reproduksie of die orde binne die groep of trop.

Miere gebruik chemiese seine om vinnig groot getalle individue vir sekere take bymekaar te roep, om papies te vervoer, kos te dra of hulle teen aanvallers te verdedig. Die bioloog Lewis Thomas (1913-1993) het geglo dat miere met mekaar "gesels". Hy het geskryf: "Miere is so baie soos mense dat dit moeilik is om te glo. Hulle ruil aanhoudend inligting uit. Hulle doen alles behalwe om televisie te kyk."

Baie diere kommunikeer deur middel van reuk. Hulle stel chemikalieë bekend as feromone in die lug vry waardeur hulle inligting aan diere van dieselfde soort oordra. Feromone speel 'n belangrike rol in reproduksie en ander sosiale gedrag. Ook soogdiere soos wolwe en bokke stel feromone vry vir 'n subtiele manier van kommunikasie.

Vir motte, wat in die nag aktief is, is reuk baie belangrik vir kommunikasie. In die paartyd gee die wyfie 'n "parfuum" af wat die mannetjies na haar toe lok. 'n Mannetjie kan 'n wyfie vind wat tot twee kilometer ver van hom af weg is, selfs op plekke waar die lug baie besoedel is! Anders as motte, herken skoenlappers, wat bedags rondvlieg, mekaar aan die patrone en vorms van hul vlerke.

Nog 'n rede waarom diere boodskappe aan mekaar oordra, is om vir mekaar te vertel waar kos is. Heuningbye gebruik byvoorbeeld 'n dans in die vorm van die syfer agt om vir ander bye te wys waar daar nektar is.

Diere waarsku mekaar ook wanneer gevaar dreig. 'n Tipiese voorbeeld is wanneer al die honde in 'n straat op 'n ry vir die posman begin blaf. Die kangaroes van Australië stamp weer met hul agterpote om ander kangaroes van gevaar te vertel. Bobbejane in 'n trop is afhanklik van een bobbejaan wat waghou en skree om die trop te waarsku.

Sosiale gedrag by diere neem ander interessante vorms aan. Sjimpansees raak aan mekaar se hande wanneer hulle mekaar groet. Perde speel neusie-neusie as hulle van mekaar hou. Kameelperde druk hul nekke teen mekaar. Olifante vleg hul slurpe saam. Prêriehonde wys hul tande en druk hul bekke teen mekaar om vas te stel of hulle vriende of vyande is. Honde strek hul voorpote voor hulle uit en laat hul lywe sak wanneer hulle wil speel. Gorillas steek hul tonge uit om te wys hulle is kwaad.

Wanneer diere baie jonk is, is kommunikasie met die ouers van lewensbelang. Dink maar aan voëls. Wanneer 'n voëlouer byvoorbeeld met kos na die nes terugkeer, gaan die kuikens se bekkies wawyd oop. Die kleintjies reageer op die geritsel van vere of vibrasies wat die volwasse voël op die nes maak. As die kuikens dalk slaap en nie hul bekke oopmaak nie, sal die ouer 'n roep gee om hulle wakker te maak.

Ja-nee, die dinge van die diere is beslis nie die dinge van mense nie.

**(Uit:** *Mieliestronk*)

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com

www.PapaCambridge.com

Jy gaan 'n kort praatjie oor die taal van diere in die klas lewer. Maak **drie** kort aantekeninge o[...] elke opskrif waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

**(a)** Kenmerke van mense se kommunikasie:

- *Dit is abstrak.* ..................................................................................................
- .................................................................................................... [1]
- .................................................................................................... [1]

**(b)** Kenmerke van miere se kommunikasie:

- .................................................................................................... [1]
- .................................................................................................... [1]
- .................................................................................................... [1]

**(c)** Kenmerke van motte se kommunikasie:

- .................................................................................................... [1]
- .................................................................................................... [1]
- .................................................................................................... [1]

[Totaal: 8]

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com

www.PapaCambridge.com



**Oefening 4**

Gebruik die teks oor die taal van diere en skryf 'n opsomming oor **die redes waarom diere met mekaar kommunikeer**. Jy kan van jou aantekeninge uit Oefening 3 in hierdie opsomming gebruik.

Jou opsomming moet een paragraaf en nie meer as 80 woorde lank wees nie.

Gebruik sover moontlik jou eie woorde.

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

[Totaal: 5]

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com


BLANK PAGE

TURN OVER FOR OEFENING 5

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com

www.PapaCambridge.com



**Oefening 5**

Skryf 'n opstel vir jou skooljaarblad oor iets wat baie belangrik in jou lewe is. Dit kan enig voorwerp (ding) wees, maar dit mag nie 'n mens wees nie.

Jou opstel moet omtrent **150 tot 200** woorde lank wees.

Onthou om die volgende te noem:

- Wat is hierdie voorwerp en hoe lyk dit?
- Waarom is dit belangrik vir jou?
- Hoe sou jou lewe daarsonder gewees het?

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou opstel en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

[Totaal: 15]

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com

www.PapaCambridge.com



**Oefening 6**

Die volgende teks handel oor die ruimtevaarder dr. Don Thomas. Lees dit aandagtig en beant dan die vrae op die volgende bladsy.

### ’n Onderhoud met ’n veteraan-ruimtevaarder

Die span wat saam met die veteraan-ruimtevaarder dr. Don Thomas (56) in Suid-Afrika reis, sak uitgeput op die stoele van ’n gastehuis in Kaapstad neer. Nie Thomas nie; hy is op en wakker en reg vir gesels.

Dr. Thomas was al vier keer in die ruimte – drie keer in die pendeltuig Columbia en een keer in die pendeltuig Discovery. Hy dra die bekende blou Nasa-oorpak waarvan die meeste mense net kan droom. “As ek met ’n pak en das opdaag as ek ’n praatjie moet lewer, is mense teleurgesteld. Die kinders glo nie ek is ’n ruimtevaarder wanneer ek nié die amptelike blou pak (wat net regte ruimtevaarders mag dra) aanhet nie.”

Thomas besoek Suid-Afrika om praatjies in skole te lewer. “My posisie as gewese ruimtevaarder stel my in staat om kinders opgewonde oor die wetenskap te maak.”

**Wat het jy in die ruimte geleer?**
Binne die eerste uur in die ruimte kan ’n mens sien hoe kwesbaar die Aarde is; jy sien lugbesoedeling oor vastelande en hoe derduisende hektaar bome afgekap word. Van dáár sien jy wat mense op ’n wêreldwye skaal doen. Ek wens almal op die Aarde kan dit sien, al is dit net twee minute lank, want dit sal hul uitkyk verander.

**’n Ruimtereis moet ’n mens verander, of hoe?**
Ja. Dit het die manier waarop ek na ons kwesbare planeet kyk, verander.

**Watter druk is daar op ’n ruimtevaarder se persoonlike lewe?**
Daar is altyd druk op ’n mens. Nasa regeer jou lewe; hy besluit wanneer jy met vakansie gaan en wat jy wanneer doen. Dit is moeilik om aan jou gesin tot siens te sê, want daar is ’n kans van 1 uit 65 dat jy nie sal terugkom nie.

**Kan jy die oomblik onthou toe jy gekies is om ’n ruimtevaarder te word?**
Baie goed. Daar was ’n boodskap om ’n sekere bestuurder te bel. Almal weet as hy bel, is jy in, en as iemand anders bel, is jy uit. My ma was saam met my, en ek het aan haar gesê: “Ma, ek dink ek is gekies om ’n ruimtevaarder te word!” Die man het gevra of ek nog belangstel. My antwoord was iets soos: “Habahaba, ja.” Daarna het ek net van blydskap geskree, want dit was iets waaroor ek my hele lewe lank gedroom het. ’n Mens word gekies, en dan is dit minstens twee jaar totdat jy vlieg.

**Wat was jou gedagtes toe die laaste pendeltuig in 2011 geland het?**
Om die laaste pendeltuig Atlantis te sien land, het trane in my oë gebring. Ek het geglo die pendeltuig sal vir ewig vlieg, maar dit was onmoontlik. Baie mense is negatief oor die toekoms van die mens in die ruimte, maar ek is oortuig dat ruimte-eksplorasie sal voortgaan. Die mens sál nog op Mars loop.

(Verkort uit *Die Burger*, 26.07.2011 & 05.08.2011)

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



1 Hoe verskil dr. Thomas se optrede in die eerste paragraaf van die mense wat saa[illegible] hom is?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

................................................................................................................................. [2]

2 Waarom dra dr. Thomas sy blou Nasa-oorpak wanneer hy 'n praatjie lewer?

.......................................................................................................................................

................................................................................................................................. [2]

3 Watter invloed wil dr. Thomas op kinders hê?

.......................................................................................................................................

................................................................................................................................. [1]

4 Verduidelik waarom dr. Thomas wens dat almal in die wêreld uit die ruimte na die Aarde kon kyk.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

................................................................................................................................. [2]

5 Beskryf dr. Thomas se gevoelens toe hy hoor dat hy gekies is om 'n ruimtevaarder te wees.

.......................................................................................................................................

................................................................................................................................. [2]

6 Watter bewys is daar dat dr. Thomas 'n optimistiese mens is?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

................................................................................................................................. [1]

[Totaal: 10]

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 7**

Lees die uitsprake:

| |
|---|
| Tieners weet nie hoe om selfone by die skool te gebruik nie. |
| **Baie tieners gebruik hul selfone op 'n verantwoordelike manier.** |
| **Hoe meer selfone daar in 'n klas is, hoe meer word die les onderbreek.** |
| Tieners weet wanneer om hul selfone aan en af te skakel. |
| **Hoe meer tieners SMS, hoe meer oefen hulle om te lees en te skryf.** |

Mense het verskillende opinies oor die gebruik van selfone by die skool. Skryf 'n artikel vir die plaaslike koerant waarin jy die saak bespreek en jou mening gee.

Kies 'n goeie titel vir jou koerantartikel.

Jou koerantartikel moet ongeveer **200 tot 250** woorde lank wees.

Jy kan van die idees hierbo gebruik, maar moet ook jou eie idees byvoeg. Dit is belangrik dat jy jou mening goed verduidelik.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou artikel en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

© UCLES 2013

www.xtrapapers.com



www.PapaCambridge.com

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

[Totaal: 15]

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.

© UCLES 2013